

13 MAART 2019

Hebreërs 13:5: #Voorsiening

“Julle gedrag moet vry van geldgierigheid wees. Wees tevrede met wat julle het, want Hy het gesê: “Ek sal jou nooit begewe of verlaat nie.”

Apostel Paulus self skryf aan Timoteus dat daar in die laaste dae swaar tye gaan kom. 2 Timoteus 3:2 verklaar: “Die mense sal liefhebbers van hulleself wees, geldgieriges....as liefhebbers van God”. Nou sê die Hebreërs skrywer dat ons vry moet wees van daardie gedrag, want baie mense het al hulle lewe verloor deur geldgierigheid, want so meer hy het so meer wil hy hê. Baie huwelike, families en vriende is al uitmekaar geskeur deur gejaag na geld en ons weet geld is nie alles nie. Jesus vertel die gelykenis van die rykdwaas wat sy skure groter gemaak het om sodoende sy opbrengste in te bêre. Lukas 12:19 sê: “En ek sal vir my siel sê: Siel, jy het baie goed wat weggesit is, vir baie jare; neem rus, eet, drink, wees vrolik.” Maar in daardie selfde nag was sy siel van hom af geeis.

Die vraag wat ‘n mens jouself moet afvra is: Wie se goed is dit nou? Al daardie inhaligheid, gulsigheid het hom niks gebaat nie, want hy kon niks saamneem nie. Spreuke 3:27 sê: “Hou ‘n weldaad nie terug van hom aan wie dit mag toekom nie as dit in jou mag is om dit te doen nie.” Die rykdwaas het weggesit en nou sê Prediker 2:26: “Wanneer daar bymekaar gemaak word en versamel, word dit dan gegee vir die een wat welgevallig is voor die aangesig van God”. Daarom leer die woord van die Here ons om tevrede te wees met wat ons het. Filippense 4:11 verklaar: “Nie dat ek dit uit gebrek sê nie, want ek het geleer om vergenoeg te wees met my omstandighede waarin ek is.”

Kom ons staan op Sy woord, wat ons die versekering gee, dat Hy sal ons nie in ons nood begewe of verlaat nie, maar Hy sal volgens Filippense 4:19 “.....elke behoefte van julle vervul na Sy rykdom in heerlijkheid deur Jesus Christus.”

Vrede / Shalom.

